

**Woensdag 24 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 28:16-18; Openbaring 1:9-20**

**Fokusgedeelte: Matteus 28:18**

**Hemelvaart: Jesus Christus het alle mag**

Destyds het die dissipels in gehoorsaamheid aan hulle Here se opdrag na 'n berg in die streek Galilea gegaan. Waar presies hierdie berg was, weet ons nie. Toe Hy van ver af aankom, het van hulle egter getwyfel of dit werklik Hy was. Toe Hy naderkom, het almal Hom wel herken. Dit was Hy, die opgestane Here Jesus, wat weer aan hulle verskyn het. Hy was op pad om as Koning van die kerk op te vaar na die hemel om aan die regterhand van sy hemelse Vader te gaan sit.

Ja ... Jesus Christus is die Hoof van die kerk. Volgens Efesiërs 1:10 en 22 is alle dinge onder Hom as Hoof verenig. God het Hom as Hoof bo alle dinge aan sy kerk gegee. Hy het ook volgens Filippense 2:9-11 aan Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is ... elke knie sal voor Hom buig ... en elke tong sal bely dat Hy die Here is.

Hy het Hoof (Here) van die kerk geword deurdat Hy aan 'n kruis vir ons sondes betaal en die dood oorwin het. Hy het alles gedoen wat God Drie-enig in sy Raadsplan beskik en van Hom as Seun vereis het. Daarom is alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee.

Só het God Drie-enig by Homself besluit dat Jesus Christus, die Seun van God, wat Self God is, as Koning oor alle dinge sal regeer. Daarom: Wat Hy sê, is wet. Wat Hy sê, gebeur. Aan Hom behoort alle mag. Voor Hom moet ons buig en aan Hom alleen moet alles en almal gehoorsaam wees.

*Sing: Skrifberyming 43:1*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*